

Spring aan die werk teen uitheemse indringerplante

Verwyder en vernietig hierdie Kategorie 1-plante wat in September blom.



Selonsroos (*Nerium oleander*)

Kategorie 1 – verwyder en vernietig
Hierdie veelstammige immergroen struikboom word 6 m hoog. Dit dra pienk, rooi of wit blomme wat van September tot Maart verskyn. Alle dele van hierdie plant is uiterst giftig en dit is bekend dat mense al daarvan dood is. Selonsrose met kartelrig dubbelblomme is van indringerwetgewing vrygestel omdat hulle as steriel beskou word.



Montanoa (*Montanoa hibiscifolia*)

Kategorie 1 – verwyder en vernietig
Dit is 'n groot meerjarige struik wat soms 6 m hoog word. Die blare is handvormig gelob en die helderwit blomme verskyn van Maart tot Oktober aan eindstandige takke. Montanoa is van Sentraal-Amerika afkomstig en is as sierplant geplant, maar het 'n indringer in woude en langs rivieroewers en padsome geword.



Lantana (*Lantana camara*)

Kategorie 1 – verwyder en vernietig

Lantana is uiterst indringend oral aan die kus en langs waterlope verder die binneland in. Dit is 'n morsige klouterstruik met teruggekromde dorings wat al met die stingels en takke langs groei. Trosse klein pienk, rooi, karmosyn, oranje, geel of wit blommetjies verskyn van September tot April, en soms heeljaar. Die vrugte is glansend groen en verkleur persswart. Die hele plant is giftig.

Wat kan jy doen om die verspreiding van indringerspesies te keer?

Leer om indringerspesies te identifiseer en moedig ander tuiniers aan om ekovriendelik te raak en uitheemse indringerplante in hul tuine uit te roei.
Besoek www.invasives.org.za vir meer inligting.



Speer of Skotse dissel (*Cirsium vulgare*)

Kategorie 1 – verwyder en vernietig

Die speerdissel is 'n wydverspreide dissel, word tot 1,5 m hoog en het skerp, doringagtige blare met stywe hare bo-op. Die pienk blomme verskyn van September tot April en vorm op 'n stekelrike skutblaar. Die sade verskyn as donsige, veeragtige drade wat deur die wind versprei word.



Environmental Affairs
Agriculture, Forestry and Fisheries
Water Affairs



SANBI
Biodiversity for Life



African Agriculture,
Environmental Affairs and
Rural Development

